**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

**die WAPAD**
*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* — *In U lig sien ons die lig.*
JAARGANG XXVI — VRYDAG, 25 JUNIE 1971 — Nr. 10

**( CHET APTEEK**
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

**Daar he'jy dit!**



**Totsiens aan al julle wat op sulke lekker TOERE paan.**


# PUKKE GEE GELD TEEN TERRORISTE

**BY GELEENTHEID van 'n PNB-vergadering Maandagaand, het mnr. Kobus Booyens, die voorsitter ,'n tjek van R1 500 namens die Puk-studente aan die Brandwagfonds oorhandig. Die tjek is deur genl.maj. Kotze, namens die voorsitster, mev. Hiemstra, in ontvangs geneem. Die geld, wat deel is van die opbrengs van Karnaval, is deur die Studenteraad vir die doel bewillig.**

Daarna het kmdt. Van Rooyen van Leërhoofkwartier 'n praatjie oor terrorisme in Suider-Afrika en die belang daarvan vir die R.S.A., gehou.

Na die praatjie het mnr. P. Mulder die spreker bedank. Die geselskap het na afloop van die byeenkoms saam met die PNB-bestuur in die kafeteria tee gedrink.

Die byeenkoms is in kamer-100 van die Frans du Toit gebou gehou en was die laaste vergadering van die PNB vir die eetste semester.




**Die Calvynvyver is afgebreek enmoet nog weer opgerig word.**
*Foto: Ben van der Walt.*

# KARNAVALWINS VERDUBBEL

**DIE FINALE SYFERS van die winste wat met die afgelope Karnaval en die Pukkieverkope gemaak is, is deur meneer Tom Bisschoff, penningmeester van die Studenteraad, bekend gemaak. Die wins is byna dubbeld soveel as verlede jaar.**

Die totale is in vergelyking met die van 1970 baie gunstiger en daar is oor die algemeen 'n groter wins gemaak.

Deur Kollektelyste is R11 000 en deur Straatkollekte 'n verdere R400 ingesamel.

Die hoogste bedrag wat deur 'n enekle studente op 'n Kollektelys ingebring is, was meer as R400,00, terwyl vyf ander elk meer as R100,00 ingesamel het.

Hierdie winste word verdeel onder die Studentesentrumfonds R6 800, Donasies R4 000 en Studente-aangeleenthede R2 099,09.

Donasies is gemaak aan S.A. Nasionale Raad i.s. Alkoholisme, S.A. Nasionale Raad vir Dowes, S.A. Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe, Transvaalse Helpmekaar Studiefonds en vir die bestryding van Terrorisme.

## *Karnaval word Korter*

Die Voorsitter van die Karnavalkomitee, mnr. Kobus Booyens, berig dat die tydsuur van karnaval verkort gaan word; Karnaval meer intensief aangebied gaan word en straatkollekte en kollekte met behulp van kollektelyste meer aandag sal geniet.

Nico Lichthelm, Karnavalvoorsitter van 1972, verduidelik die saak van korter tydsduur soos volg: as die Karnaval Maandag al begin en Saterdag met die vlotte eindig ,eindig dit stomp en die hele Karnaval val plat. As die tydsduur korter is, kan Karnaval meer intensief beoefen word.


Ook gaan die stalletjiesdag moontlik nou die Donderdag plaasvind sodat daar Vrydag met klasse aangegaan kan word. Hiermee word gehoop om te voorkom dat studente tydens Karnaval langnaweek neem.

In die vervolg sal daar slegs een Karnavalkonsert gehou word Dit sal van hoogstaande gehalte wees. Daar word beoog om goeie kunstenaars te kry vir die opvoering.

Straatkollekte moet ook meer aandag geniet. Eerstejaars sal met die ontvangs van die kollektelys moet weet waarvoor hulle kollekteer- vir watter liefdadigheidsinstansies.

Mnr. Lichthelm het die hoop uitgespreek om later in die jaar meer detail in verband met volgende jaar se Karnaval te gee.

**A. VORSTER APTEEK**
(Frans Nel, B.Sc.Farm.)
★
**Octron-gebou**
**Lombardstraat**
★
VIR VINNIGE AFLEWERING
**SKAKEL 7074**




**Die Akademie.**
*Foto: Fotokuns.*

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

## Verskeie Personeellede in SA-Akademie

Etlike personeellede van die P.U. het die afgelope tyd in keurkomitees van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat oor bekronings op verskillende vakgebiede moes besluit gedien, Prof. C. P. van der Walt, hoof van die Departement Staatsleer, was voorsitter van die komittee vir die Stalsprys vir Staatswetenskap. Ander lede van die Stalspryskomitees was prof. J. A. L. Taljaard (Wysbegeerte) en prof. J. S. du Plessis (Geskiedenis).

Proff. P. D. van der Walt en T. T. Cloete, albei van die Departement Afrikaans-Nederlands, was lede van die letterkundige kommissie wat besluit het oor die toekenning van die Hertzogprys en ander letterkundige toekennings.

# KARLIEN IN PENARIE

**VERLEDE WEEK was voorwaar 'n krisieweek wat nie maklik deur die inwoners van Karlien vergeet sal word nie. Woensdag met opstaantyd was daar behalwe vir die eerste en tweede vloere nie 'n druppel water in die ganse Kralien te kry nie. Die dames was byna radeloos en Heide het glad 'n vriendin in nood geword.**

Die middag, toe die snoepies oopmaak, was omtrent die hele Karlien daar om lafenis vir hul droë kele te kry. Nog nooit het koeldrank seker so lekker gesmaak nie. Om half-ses die aand was daar weer 'n bietjie koue water en op die eerste vloer 'n groot opeenhoping by die badkamers. Die dames wou amper 'n inter-bad met Over de Voor hou so erg was omstandighede.

Dit was egter nie die einde nie, Donderdagaand gaan al die ligte weer uit. Prof. De Klerk het alles probeer, maar die ligte wou nie aan gaan nie. Om alles te kroon is dit mos toetsweek en die arme farmaseute het maar sleg d r-van afgekom. Kerse was hul voorland en die leerdery het baie stadiger gegaan. Die hysbak was buite werking en ook die inter-kom. Chaos het oral geheers. Die eerstejaar op telefoondiens was die volgende oggend net baie styf van al die trappe klim om die persone vir telefoon te toep.

Die inwoners van Karlien is baie bly alles verloop nou weer normaal en hulle is net so bly dat die vakansie hier is voordat daar dalk weer iets gebeur.

## Veelrassige Byeenkoms verloop glad in Salisbury

Wat die veelrasigheid van die byeenkoms betref, is geen probleme ondervind nie en na die byeenkoms is al die atlete Blank en Nie-Blank, op 'n skemerkelkparty in die hotel van die Blanke Suid-Afrikaanse atlete onthaal.

'n Skitterende vertoning is gelewer deur Andries Krogman, S.A. kampioen oor 5 000 en 10 000 m. toe hy die 10 000 m in die nuwe Rhodesiese rekordtyd van 29;43,2 gewen het. Hy het hom egter aan die 5 000 m. onttrek nadat hy sy voetsole vol blase gehardloop het in die 10 000 m. vroeër die dag.

## *SIMPOSIUM OOR VOORLIGTING OP P.U.*

Sowat 130 skoolhoofde en voorligtingsonderwysers van skole in Transvaal en die Vrystaat het verlede Vrydag 'n simposium oor Voorligting by die P.U. bygewoon. Vier referate is gelewer benewens 'n bydrae wat deur die hoofsielkundige van die Transvaalse Onderwysdepartement, dr. A. D. W. Wolmarans, gelewer is.

Mnr. R. R. Horne het gepraat oor „Die plek van psigometrie in die Voorligtingspraktyk", mnr. H. B. Kruger oor „Gedragsprobleme by die skoolkind", mnr. C. J. Meyer oor „Die persoonlike onderhoud" en prof. J. J. de Wet, hoof van die Departement Empiriese opvoedkunde aan die P.U., oor „Studiemetodes". Mnr. Horne, Kruger en Meyer is aldrie personeellede in die Departement Psigologie aan die P.U.

**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# SEMESTER-



Alabama vertrek eersdaags op toer. *Foto: Fotokuns.*



Die aankomelinge is spoedig ingelyf in die dinge van die manne. Dawie Dup voorsien 'n bad agterna. *Foto: Fotokuns.*



Uitgrawings en bouery vind nog steeds plaas. *Foto: Fotokuns.*




En die koshuise het gekys geraak: Kobus Kotze en Hettie Coetzer staan onder die verloofring wat deur Jannie Opperman vasgehou word. Die kys is (was?) tussen Makouvlei en Oosterhof. *Foto: Fotokuns.*

Die eerstejaars kon nie kla dathulle nie welkom geheet is nie. Daarna het al veel water in die see geloop. *Foto: Fotokuns.*



Die ergste druk van die kant van die akademie is vireers verby. *Foto: Fotokuns.*



# BEELD



Sing songs het vroeg vanjaar al begin en 'n oplewing getoon met die Puk-Pote botsing. Een van die dae is dit weer Intervarsity en sing die Pukke hartlik saam. Veral dan onder leiding van Ockie Raubenheimer. *Foto: Fotokuns.*



Gedurende die vakansie sal verskeie toere die land deurkruis. Die Florna-uitstappies sal seker tog maar koning bly. In Mosambiek het dit soms lekker daaraan toe gegaan. *Foto: Flip Dwinger.*



En so deur die loop van die eerste helfte van die jaar is die pad tussen die koshuise en die klaskamers ook aansienlik verkort, *Foto: Fotokuns.*

AFRIKAANSE STUDENTEBOND

# 23ste Kongres

SAKELYS

**Maandag 28 Junie 1971:**

8.30 — 10.30 vm.:
1. Opening.
2. Verwelkoming.
3. Konstitueering met geloofsbriewe.
4. Ordereëlings en goedkeuring van sakelys.
5. Aanwysing van Kommissie van Ondersoek na die juistheid van die 1970-notule.
6. Referaat: Die Geskiedenis van die Kleurlinge binne die volkereverhoudinge in Suid-Afrika (mnr. H. S. Coetzee).

11 vm. — 1 nm.:
7. Bespreking van referaat.

2 nm. — 3.45 nm.:
8. Jaarverslae.

4 nm. — 5.45 nm.:
9. Jaarverslae.

7.30 nm.:
10. Amptelike opening deur Sy Edele B. J. Vorster.

**Dinsdag 29 Junie 1971:**

8.30 vm. — 10.30 vm.:
11. Opening.
12. Referaat: Die Kleurling in Suid-Afrika Kerklik-Godsdienstig (mnr. G. J. Hugo).
13. Bespreking van referaat.

11 vm. — 1 nm.:
14. Bespreking van referaat.
15. Jaarverslae.

2 nm. — 3.45 nm.:
16. Referaat: Die Kulturele identiteit van die Kleurlinge en kulturele verskeidenheid binne die Kleurlingbevolking. (Buitespreker).

4 nm. — 5.45 nm.:
17. Bespreking van referaat.

7 nm. — 8.30 nm.:
18. Beskrywingspunte.

**Woensdag 30 Junie 1971:**

8.30 vm. — 10.30 vm.:
19. Opening.
20. Referaat: Die Politieke toekoms van die Kleurling (prof. G. van N. Viljoen).
21. Bespreking van referaat.

11 vm. — 1 nm.:
22. Bespreking van referaat.
23. Jaarverslag.

2 nm.:
Uitstappie.

7.30 nm.:
Dinee.

**Donderdag 1 Julie 1971:**

8.30 vm. — 10.30 vm.:
24. Opening.
25. Referaat: Die rol van die Kleurling in die ekonomie van Suid-Afrika.
26. Bespreking van referaat.

11 vm. — 1 nm.:
27. Bekendmaking van nominasie-prosedure.
28. Bespreking van referaat.
29. Beskrywingspunte.

2 nm. — 3.45 nm.:
30. Jaarverslae.
31. Nominasies vir President en Onderpresident sluit.

7 nm. — 9 nm.:
32. Verkiesing van President en Onderpresident.
33. Verslag van Kommissie van Ondersoek na juistheid van die notule.
34. Verslae van geaffilieerde sentra.

**Vrydag 2 Julie 1971:**

8.30 vm. — 10.30 vm.:
35. Opening.
36. Nominasies vir direkteure sluit.
37. Rede van die President.
38. Verkiesing van direkteure.

11 vm. — 1 nm.:
39. Konstituering van verkose Uitvoerende Komitee.
40. Personalia en varia.
41. Toespraak deur verkose President.
42. Afsluiting.
„Die Stem van Suid-Afrika."

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR

die WAPAD

# In pas met omstandighede

Die besluit van die Studenteraad om die bestaande Kleurbaadjie te vervang kan alleen met positiewe gesindheid verwelkom word.

Dit is bekend dat die huidige streepbaadjie in baie studentekringe as onprakties beskou is. Dit kon ook nie anders nie. Die huidige baadjie is sedert 1925 in gebruik en is destyds ontwerp om in pas te wees met die mode en gebruike van daardie tyd. Ook is dit algemene kennis dat die streepvorm eie is aan die Britse moedneigings van daardie tyd. Soos van ons Engelstalige kampusse nie lank gelede nie besluit het om die toga nie meer na aandetes toe te dra nie, kan ons seker ook besluit dat dit onprakties is om voort te gaan met 'n mode wat net nie meer aanvaarbaar is nie.

Dit gaan hier sekerlik nie om iets meer as prakticse oorweginge en subjektiewe gevoelens nie. Dat die kleurbaadjie 'n tradisie geword het, kan geeneen betwyfel nie. Maar dit kan ook nie die enigste oorweging wees by die vraag na verandering nie.

In breër sin gesien, lê die beoordeling van hierdie aangeleentheid by elke kampus en is dit eie aan die besondere omstandighede en die besondere tyd. En dit het nou tyd geword om aandag te gee aan die saak.

Dat die Studenteraad beoog om dit 'n effekleurige baadjie te maak word verwelkom. Dat hulle aandag gee aan 'n eie snit vir die dames, is ook 'n voorwaartse stap.

Al wat die Studenteraad nou nog moet besluit, is om die snit van die baadjie self nie vas te pen nie, maar dit van tyd tot tyd in hersiening te neem. Daarmee word nie bedoel dat die kleure elke dan en wan gewysig moet word nie (dit sal in elk geval vir baie jare dienlik en mooi bly), maar dat die basiese **snit** van die baadjie nie onherroeplik vasgepen moet word nie.

Dit is so dat die mansmodes ook al van tyd tot tyd verander (soos die snit van die P.U.-das reeds ondervind het) en dat hierdie aspek ook belangrik geword het. Om die baadjie vir so lank as moontlik prakties en mooi te ontwerp, sal aan hierdie aspek ook aandag gegee moet word.






# ..ns ste. bekend . . .

MNR. G. P. SCHOEMAN


Almal weet dat die Registrateur Akademies mnr. G. P. Schoeman is. Van hom as persoon weet ons egter nie so baie nie.

Mnr. Schoeman is 'n gebore Potchefstromer en een van die weinige personeellede wat sy **hele** skoolloopbaan sowel as universiteitsloopbaan op Potchefstroom voltooi het. Hy het in die destydse Gimnasium Laerskool skoolgegaan. en sy skoolloopbaan voltooi by Gimnasium Hoërskool waar hy in 1931 hoofseun was. In 1934 behaal hy 'n B.A.-graad aan die P.U. waarna hy in 1935 by die Staatsdiens in Pretoria in diens tree. In 1938 behaal hy die graad B.Comm. buitemuurs aan die Universiteit van Pretoria waar hy ook voorsitter van U.P. se buitemuurse studenteraad was.

Nadat hy eers in die Departement Handel en Nywerheid werksaam was, word hy oorgeplaas na die Departement Landbou in Johannesburg. In 1947 is hy as organiseerder by die P.U. aangestel, maar sy werksaamhede het veel meer ingehou as slegs organisering. Behalwe die destyds registrateur en die rekenmeester was hy die enigste manlike personeellid in die Administrasie en het hy onder andere die hele eksamenafdeling behartig. Hy is mettertyd bevorder tot assistent-registrateur en by die dood van mnr. Fanie du Toit as registrateur.

Die registrateurspos is intussen geskei in Registrateur Akademies en Finansies. As Registrateur Akademies hou mnr. Schoeman se pos alle toelatings van studente. eksamens, personeelsake en die beheer en toesig oor die Universiteit se geboue en eiendom in. Hy dien in verskeie Raadskomitees, onder andere die Komitee vir Terreine en Geboue en die Ontwikkelingskomitees.

Mnr. Schoeman was een van die stigterslede van die Potchefstroomse Rapportryerskorps en voorsitter vir die termyn 1970/71. Sedert 1955 is hy erelid van die Afrikaanse Sakekamer. Hy is ook 'n lid van die Wes-Transvaalse Rugbyklub.




**Mnr. G. P. Schoeman — Registrateur Akademies.**
*Foto: Fotokuns.*


**AJAX**

**Kerkstraat 159**
**Foon 6175**

★ BOEKE
★ SKRYFBEHOEFTES
★ PLATE


Ek wil julle groet. Die wat my hierdie hele semester met 'n verdroogde gesig en verstarde lippe verbygeloop het ook. Ek gaan nie weg nie, altans nie vir altyd nie. Net maar vir 'n paar weke. En julle gelukkig ook.

En met die groet wil ek julle sterkte toewens. Ek weet net nie waarvoor nie. Miskien vir 'n **aangename** vakansie. Of benodig mens nie sterkte vir 'n aangename vakansie nie? In die goeie ou dae kon ons daarsonder klaarkom. Vandag blykbaar nie meer nie. Want die „lekker" dinge van vandag vereis skynbaar sterkte by uitnemendheid.

Of moet ek by die groet 'n „spoedige wedersiens" voeg? Dalk wil julle my nie weer sien nie. Of dalk is die hartewens dat die ontmoeting nie weer hier sal plaasvind nie. (Ek praat nie nou van my vriende in die R . . . vereniging nie. Ek sluit hulle uitdruklik uit, anders verstaan hulle my dalk verkeerd).

Miskien is die fout juis dat ek almal met dieselfde groet wil groet. Ek sal nou 'n onderskeid maak. Die Studenteraad: „ . . . en bring die akademie by."

Die Karnavalkomitee wat nou aftree: „ . . . en onthou om kieskeurig te wees met die popfeeste wat julle gaan bywoon."

Florna: „ . . . en moet net nie heeltemal met die bobbejane verbaster nie".

Onderwaterklub: „ . . . en onthou om so af en toe asem te skep".

En so sou ek kon voortgaan.

Maar dit is baie makliker om sommer te sê: „ . . . en sorg maar net dat julle weer terugkom".

REFLEKTOR.

# Uit die Woord

## *Waarom?*

**Joh. 11:37.**

*Die lewe is dikwels onverstaanbaar. Dit neem skielik 'n onverwagte wending en dan vra ons: waarom het dit so gebeur? Lazarus se huisgesin het ook voor hierdie groot waarheid te staan gekom. Jesus ween saam met sy susters. Dit plaas hulle voor die groot waarom. Jesus het Lazarus lief. Hy het mag om 'n blinde te laat sien, ja, om baie en groot wonders te doen. Waarom het hy nie die dood in hierdie gesin voorkom nie? So kan elkeen van ons sy eie daaglikse waaroms in herinnering roep.*

*Vir die probleem het Christus egter 'n oplossing. Hy het die antwoord op die waarom geweet. Sy heerlikheid en mag word geopenbaar nie in voorkoming nie, maar in oplossing. Ons vra ook dikwels waarom? Vir ons denke moet God dit voorkom. As iets eers gebeur het is dit vir ons te laat. Maar by God is dit nie so nie. Agter al die probleme is daar 'n Goddelike doelstelling. Daarom het God ook altyd 'n antwoord op ons waaroms.*

*By God is dit nie* ***waarom*** *nie, maar* ***daarom.*** *Nou gebeur dit ook nog in hierdie lewe dat God ons oë oopmaak sodat ons kan sien waarom iets gebeur het. Dan gaan daar vir ons 'n lig op. Die einde daarvan is dat ons op die knieë gaan en God daarvoor dank.*

*Daarom was al ons waaroms 'n daad van Goddelike genade en liefde in ons lewe.*

*K.V.*




# Bekende lewer Intreerede

**PROF. DR. JAN H. GROBLER, buitegewone professor in die Departement Geografi;, en in die besonder Bodemkunde, aan die P.U. het sy inougurele rede verlede Vrydagaand in die Konservatoriumsaal gelewer. Hy het gepraat oor die onderwerp „Bodemkinde en bodembenutting"**

Prof. Grobler is op die oomblik Direkteur van die Navorsingsinstituut vir Grond en Besproeiing in Pretoria. Tot vroeër vanjaar was hy assistent-hoof van die Landbounavorsingsinstituut op Potchefstroom. Sedert 1946 is hy verbonde aan die departement Landboutegniese dienste. In 1959 is die graad Mathesses et Physices Doctorem deur die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam aan hom toegeken.

In 1963 is prof. Grobler as hoof van die afdeling Bodemkunde en Biochemie aan die plaaslike Landbounavorsingsinstituut benoem en in 1970 is hy bevorder tot adjunk-direkteur. In dieselfde jaar is hy ook as buitengewone Professor in Bodemkunde in die Departement Geografie aan die P.U. benoem.

Prof. Grobler is verder ook assessorlid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en dien ook in die Fakulteitsraad Natuurwetenskap en Tegniek. Verder is hy bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Bodemkundige vereniging.



Prof. J. H. Grobler.
*Foto: Fotokuns.*

## Landloop gewen

Die Pukke het Saterdag die landloopliga byeenkoms op Potchefstroom gewen. Uit die atlete wat deelgeneem het word n Wes-Transvaal span aangewys, maar die name sal eers later bekend gemaak word.

Die uitslae was soos volg: In die senior manswedloop is die atlete soos volg geplaas: Pypies Laubscher was eerste, Johan Kruger, Chris Lodewycks, Gawie van Eck en Fanie van Zyl volg. Die junior wedloop is gewen deur Dirk Schoeman en derde was Francoise Schutte. In die dameswedloop het net Hilta Liebenberg en Ingatia Bester van die universiteitspan deelgeneem.

## Goeie Belangstelling vir Kuesta

Sowat 58 Pukke vertrek eerskomende Sondag per bus na Pretoria waar hulle sal deelneem aan die tweede KUESTA van sy soort, het die voorsitter van A.B.K.K., mnr. Leo van Schaik gesê.

Die belangstelling is nie beter as verlede jaar nie. Dit skyn verder asof die meeste KUESTA-gangers in die kursusse belangstel. Bekende kursusleiers sal hierdie aspek van die byeenkoms behartig.

Die groep keer op 3 Julie na Potchefstroom terug.

## WELDOENER ONBEKEND

Verlede Dinsdagoggend het die tweejarige seuntjie van prof. en mev. Van Eeden van Tomstraat kort voor die middagete sy ma ontglip en afgesit na die P.U.-kampus.

'n Student van Kasteel het die knapie sien ronddwaal en hondse gedagtes begin kry. Na 'n soektog van huis tot huis is die woonplek van die mannetjie opgespoor en het die oorhandiging van die knapie plaasgevind.

Tydens die blydskap wat geheers het oor die opsporing van die rondlopertjie, het die Van Edens skoon vergeet om die naam van die weldoener te vra. En nou wil hulle hom nogmaals bedank — maar weet nie wie hy is nie.

DIE STUDENTE IN DIE WÊRELD MAAK EN DINK SO:
(Dir. Buitelandse Studentebetrekkinge)

# Europese studente te onkrities

**DIE VIERDE EUM (European University Meeting) is van 1-4 April in Rome gehou met as sentrale tema: Die Verhouding tussen dosente en studente in Europese Universiteite.**

Die algemene konsensus was dat die oorsprong van sosiale en politieke reformasie by die universiteit tuishoort.

Afkeer is ook uitgespreek teenoor universiteite wat „diploma mills", geword het en nie meer die studente leer om krities vir hulleself te dink nie.

Die Studente is dan ook veroordeel omdat hulle passief geword het en nie meer bereid is om self krities te wees nie. In hierdie verband is die dosente dan ook daarvan beskuldig dat hulle verval het in middelklas waardes (wat dit ookal mag beteken), te gebonde is aan politieke en ekonomiese strukture. Verder is hulle te dominant en volhard hulle te veel in dogmatiese „waarhede" sonder om die studente aan te moedig om krities te dink.

## PERSOONLIK

Prof. J. J. P. van Wyk, plantkundige van die P.U. wat al vir meer as 'n jaar in Amerika is, gaan binnekort as assistent-direkteur van 'n navorsingsprojek saam met 'n internasionale span Plantedeskundiges in Colorado, V.S.A., werk. Die navorsing wat onderneem word, heet die **Pawnee-projek**.


Hy is tans verbonde aan die Departement Biologie aan die Eastern Montana College in Billings. Hy het tot op datum meer as veertig lesings oor Suid-Afrika gegee en verskeie internasionale kongresse bygewoon. Prof. Van Wyk en sy gesin sal na verwagting weer in Oktober na Potchefstroom terugkeer nadat hy op sy terugreis eers by 'n kongres in Europa opgetree het.

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

● HANDBOEKE
● SKRYFBEHOEFTES
● EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**
**„die potchefstroomse boekhandel"**
TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM

DIE
**INSLEEP RESTAURANT**
**WAARHEEN ALMAL SLEEP**
**Koshuisbestellings: 6039**

**CACHET MODES**

DIE **DAMESWINKEL**
*bied u*


**SOMERMODES**
**wintermodes**
**ONDERKLERE**
**broekkouse**

**TOMSTRAAT 92**

# op eie werf

So moet rugby mos gespeel word. Over de Voor en Piet Grobler het verlede Saterdag gesorg vir 'n skitterwedstryd in die A-afdeling van die koshuisliga. Voor die wedstryd was albei spanne nog onoorwonne en 'n voorspelerstryd soos min is verwag.

Dit het dan ook gebeur. Over de Voor se voorspelers het skitterend gespeel en die grondslag vir hulle oorwinning gelê. Op losskakel het Johan Kriek goed vertoon. Piet Grobler moes net meer met sy agterlyn gespeel het en sake kon anders verloop het. Geluk aan Over de Voor.

Op Orkney het die Puk teen Western Reefs gespeel. Uitblinkers was Schalk van der Merwe, Johan Steyn en Louw Venter. Jim van Rensburg se hand is nog steeds in gips en Jannie Barnard het hom as kaptein en skrumskakel goed van sy taak gekwyt. Van der Merwe het goed geskop, maar het daar weer te veel goeie balle by die senters doodgeloop. Dinky Muller is nog steeds op die krukkelys en ons hoop as hy weer terugkom sal die senters weer so gevrees wees soos aan die begin van die seisoen.

In die tweedespan het Spottie de Waal, Gert Lategan en Neil Cawood goed gespeel. Ten spyte van die aankondiging dat Piet Brand nie weer die seisoen sal speel nie, het hy goed vertoon en waardevolle werk vir sy span in die losspel gedoen. Piet Bruwer se skopwerk was ook baie suiwer.

Aan die eerstespan wat gaan toer, asook die o/20 span wat aan 'n interuniversitêre toernooi in Durban gaan deelneem, sê ons alles van die beste.



Die Korfbalpaar De Wet afgeneem saam met twee ander dames wat tydens die Julievakansie aan die Provinsiale Korfbaltoernooi te Nelspruit sal deelneem. Voor verskyn Nic wat ook as skeidsregter sal optree en reg agter hom sy vrou Elza. *Foto: Fotokuns.*

# Gholfklub Eersdaags Teen Kovsies

**DIE P.U.-GHOLFKLUB vaar vanjaar besonder goed in die plaaslike liga. Nadat hulle op een stadium die voorlopers was, bekleer hulle nou die derde plek nadat reeds teen twee ander universiteite meegeding is. Op 17 April het hulle R.A.U. geklop. Tukkies het die Pukke egter op 15 Mei koudgesit.**

Daar word nou uitgesien na die botsing teen die Kovsies wanneer 'n span van ses spelers vanaf 5 tot 9 Julie aan die inter universitêre toernooi op die Houghton baan in Johannesburg deelneem.

Gedurende die eerste drie dae word die toernooi op 'n putjiespel basis beslis. Hier speel die universiteite se spanne onderling teen mekaar. Gedurende die laaste twee dae vind 'n 72-putjie kampioenskap plaas. Hierna word 'n S.A.U. span gekies om teen Transvaal te speel.

Die Pukke se span bestaan uit A. Dreyer (kaptein), E. du Toit, R. Schoeman, R. Jarvis en J. van Eyssen. Dit is een van die sterkste spanne wat die Puk nog verteenwoordig het. Die Pukke is vasbeslote om vanjaar vir 'n verrassing of twee te sorg.

# Volledige Uitslae

**Rugby:**

| | |
|---|---|
| P.U. I 19 | Western Reefs I 11. |
| P.U. II 29 | Western Reefs II 6. |
| P.U. o/20 A 29 | Western Reefs III 12. |
| Kasteel A 35 | Western Reefs IV 3. |

Nog nie een van Puk se rugbyspanne het vanjaar al in die Wes-Transvaalse ligas verloor nie.

**Manshokkie:**

P.U. A 5 Strathvaal A 0.

# LIGASTAND: EERSTELIGA

| | Ges. | Gew. | Ver. | Gel. | Pv. | Pt. | Liga |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Universiteit | 6 | 6 | — | — | 162 | 80 | 12 |
| Potch-Dorp | 7 | 5 | 2 | — | 166 | 95 | 10 |
| R.P.M. | 4 | 3 | 1 | — | 101 | 42 | 6 |
| Strathvaal | 6 | 3 | 3 | — | 95 | 73 | 6 |
| Goldfields-Wes | 6 | 3 | 3 | — | 116 | 105 | 6 |
| P.O.K. | 4 | 2 | 2 | — | 51 | 86 | 4 |
| Rustenburg | 6 | 2 | 4 | — | 81 | 93 | 4 |
| Western Reefs | 6 | 2 | 4 | — | 91 | 87 | 4 |
| Klerksdorp | 6 | 2 | 4 | — | 78 | 134 | 4 |
| Sasolburg | 5 | — | 5 | — | 28 | 156 | 0 |




HUIS en TUIN
TEL. 4641
★
U NAASTE WINKEL AAN DIE UNIVERSITEIT
ONS SPESIALISEER IN STUDENTEBEHOEFTES


## PUKKE OP RUGBYTOER

Die Pukke onderneem in Julie 'n rugbytoer deur Griekwaland-Wes, Noordoos-Kaapland, Grens en Natal. Ses wedstryde sal gespeel word.

Die toerspan vertrek op 9 Julie . Op Saterdag 10 Julie speel hulle hulle eerste wedstryd teen die De Beers-klub van Kimberley op Kimberley. Maandag meet hulle kragte met die span van die Kimberleyse Polisie.

Vandaar vertrek hulle na Aliwal-Noord waar hulle op Woensdag 14 Julie teen die plaaslike span te staan kom. Die volgende wedstryd is op Saterdag 17 Julie teen die Buffalo-klub in Oos-Looden.

Vanuit Oos-Londen vertrek die span per boot — die S.A. Vaal — na Durban. Daar speel hulle op Maandag 19 Julie teen 'n Junior klub en op Woensdag 21 Julie teen Glenwood Old Boys. Die toer loop die 23ste Julie ten einde.

Die o/20-span van die Pukke sal van 5 tot 10 Julie in Durban aan 'n tussenuniversitêre toernooi vir o/20-spanne deelneem.

## JUDO NIE NA TOERNOOI

Weens te veel beserings in die klub sal die Puk se Judospan nie vanjaar aan die S.A.U. toernooi by Rhodes deelneem nie.


GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons
PLESIER!
BAILIEPARK
PADKAFEE
(Langs die Johannesburgpad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



BULT
DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY
Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery.
Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel.
Ons het na ons nuwe ultramoderne lokaal te Tomstraat 98 getrek.
TOMSTRAAT 98 TEL. 5574

U kan gerus u bande versool by . . .
GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
★ GOODYEAR G 800 loopvlak
★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)

UNIEWINKELS
DIE MODERNE WINKEL VIR MODERNE MENSE
VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE
„Die Bult" en Ke.kstraat 86 b, Potchefstroom.